

Woensdag 12 Oktober

Skrifgedeelte: Handeling 15:1-11

Fokusgedeelte: Handeling 15:7-8 (neem HK Sondag 7 as agtergrond)

Vertel aan almal van geloofsekerheid in Christus wat alleen die Heilige Gees skenk!

Handeling 15 is 'n baie kosbare gedeelte wat gelowiges toerus om die evangelie met vrymoedigheid aan alle mense te verkondig. In hierdie gedeelte hoor ons eerstehands van die apostel Petrus dat mense sekerheid van saligheid kan kry nog voordat hulle die A-Z van die Christelike geloof ken.

Vir iemand om tot geloof te kom, is dit alleen nodig om die evangelie van Jesus Christus te hoor, van geloof in Hom deur die Heilige Gees alleen wat die geloof skenk. Petrus sê tog duidelik: "God wat die harte ken, het vir hulle getuienis gegee deur aan hulle die Heilige Gees te skenk net soos aan ons" (vs 8). Dit is nie nodig om eers besny te word of aan sekere rituele te voldoen om gered te word nie. Hierdie gedeelte leer ons dit is alleen die Heilige Gees wat vir ons sekerheid van geloof gee.

Daarom kan ons met die grootste vrymoedigheid hierdie blye evangelie aan alle mense verkondig. Elkeen wat in Jesus Christus glo deur die Heilige Gees wat die geloof bewerk, kan waarlik sekerheid hê dat hulle gered is. In Petrus se woorde: "Ons glo dat ons deur die genade van die Here Jesus Christus gered word op dieselfde manier as hulle ook" (vs 11).

In 'n wêreld met soveel verskillende Christendenominasies is dit dikwels moeilik om die gereformeerde leer aan ander te verkondig. Deur die Twaalf Artikels (die leer oor God Drie-enig) kan ons op 'n eenvoudige wyse die suiwere evangelie van hoop verkondig. So sal mense die troos van die evangelie hoor en sal die Gees elkeen wat in Christus uitverkies is, tot gemeenskap met Hom roep. Gaan en verkondig die troos van sekerheid van saligheid alleen in Christus, sodat God se uitverkorenes geloofsekerheid in Hom mag vind en met sy liggaam tot volle geloofskennis mag saamgroei.

Sing: Skrifberyming 12-2:1, 4

Ds. GJ Venter (Jonker) (Totiusdal)